### *Vermy eiedunk*

**80** **Die owerste** is verbaas, net soos baie van die ander aanwesige gaste en sê: "Ja, as dit so is, dan is die aardse lewe `n besonder gevaarlike onderneming; wie kan hulleself staande hou?"

[2] **Ek** sê: "**Elkeen wat leef volgens My leer!** Wie egter leef volgens sy eie, meestal deur eieliefde en hoogmoed gevoede eiedunk, en wat diegene wat hom iewers beledig het, nie van ganser harte kan vergewe en hom ook nie tienvoudig kan seën nie, die sal dan ook vroeër of later die onafwendbare gevolge van die vyandskap smaak, **waarvoor hy volstrek geen beskerming van My kan verwag nie**, behalwe as hy sy skuld aan die vyand tot op die laaste penning betaal het. **Leef daarom met elkeen in vrede en eendrag!** Dit is beter vir julle om onreg te verdra, as om ook maar skynbaar iemand onreg aan te doen. Daardeur sal jy jou geen wrekers besorg nie en die geeste, wat anders jou vyande sou word, **word dan jou beskermgeeste en sal baie onheil van julle hoof afwend!**

[3] Waarom dit alles egter so is en so moet wees? Daarop antwoord ek: Omdat dit so moet wees **volgens My Wil en My onveranderlike Orde**!"

[4] **Die owerste** sê: "Ja, Meester, ek herken nou baie duidelik U eindelose en deur niks beperkte Liefde en Wysheid en sê: Miskien eers as alle mense deurdrenk sal wees van U leer, dan sal die aarde geheel en al in `n Hemelryk verander! Maar - en dit is `n enorm groot maar! - wanneer sal dit gebeur?

[5] As ek my nou die grote aarde voorstel, waarvan geen ondersoeker nog vasgestel het waar dit begin en waar dit eindig nie, en dink aan die enorme aantal verskillende mense wat die onmeetlik wye aardoppervlak bewoon, dan begin dit my lighoofdig te maak! Die onbeskaafdste en mees ruwe kwaadaardigheid skyn by die vele bewoners van die grote aarde die algemene hooftrek van hulle lewenskarakter te wees!

[6] Die oorgrote deel van die mense is geheel en al deurtrek met dierlike selfsug en verskriklike hoogmoed!

[7] Waar `n vredeliewende volkie hulleself ookal op die grote aardbodem vestig en deur gemeenskaplike samewerking `n bepaalde welstand bereik, daar word hulle weldra opgespoor deur die fyn neus van die wolf- en tiermense en vyandelik oorval; die ongelukkiges word oorwin en daardeur duisend maal ongelukkiger gemaak as wat hulle voorheen in hulle natuurlike bestaan was!

[8] As sulke vreedsame en beskaafde volkies hulleself egter tog nog deur moed, wysheid en geestelike krag teenoor die vyande handhaaf, waarby hulle, natuurlik met die wapens in die hand, hierdie vyand vir die grootste deel moes vernietig en die geeste van die gedode vyande vanaf daardie moment egter hulle grootste en skadelikste vyande word, dan vra ek myself af: hoe, wanneer en onder watter omstandighede sal U heilsame leer op die aarde ooit heeltemal ingang vind en die doen en late van alle mense op die aarde bepaal?

[9] As slegs enkele volke hulleself in die milde strale van U onoortrefbare leer in volkome geluk baai, dan sal hulle van dag tot dag deur steeds meer vyande omring word; as hulle hulleself gewillig aan die vyande oorgee, dan word hulle slegs slawe van hulle veroweraars en sal hulle hulleself elke druk, hoe onmenslik ook, ja uiteindelik selfs die verbod tot navolging en uitoefening van hierdie leer van U, moet laat welgeval.

[10] As hulle egter deur watter magsmiddel ookal dan ook hulle vyande baasraak, dan sal die vyande wat in die stryd gedood is, hulle onoorwinlikste vyande word en met die hemelse Ryk op aarde sal dit goed gaan, volgens my mening wat beslis nie as maatstaf geld nie!

[11] Ek betwyfel dan ook ten seerste of mens nou juis - al is dit vir die beste saak - die kwaad van elke vyand met goed moet beantwoord! Ek twyfel nie daaraan dat mens daardeur wel uit menige blinde vyand `n siende vriend sal maak nie; maar of die reël ook op `n groot aantal vyande van die goeie saak seënryk toegepas kan word, dit, Meester, vergeef my my swakke verstand, wil ek dan tog effens in twyfel trek, gesien in die lig van die aangevoerde redes!

[12] Ek moet maar steeds aan die onsalige Scylla en Charibdis dink, waar, as mens die geluk het om die eerste vyand te ontsnap, deur die tweede des te sekerder verslind word! - Meester, gee ons hieroor helderheid en ek sal al my vyande broederlik omarm en alle gevangenes uit die kerkers vrylaat, - ook alle diewe, rowers en moordenaars, al is hulle ook nog so sleg!"

### *Oor die behandeling van misdadigers; die doodstraf en haar werking. Die Meester is die brug na die geestelike wêreld*

**81** **Ek** sê: "Vriend, as jy My leer so uitlê en begryp, is jy baie kortsigtig! JonaEl het jou immers ook al gesê dat `n geveg met `n bose vyand op bevel van Elohim of `n onvoorkombare geval van noodweer deur My so gereël word dat die mense wat in dergelike gevegte gedood word, se siele direk onder `n streng oordeel val en nóg aan hulle regverdige oorwinnaar nóg êrens op die aarde bose vergelding teweeg kan bring. As dit nou `n onveranderlike waarheid is waaruit jy duidelik kan sien wat die kern van hierdie saak is, hoe kan jy dan met sulke twyfelagtige stellings My leer bestry?

[2] Wie het jou dan vertel dat mens egte misdadigers, wat erger is as al die wilde diere, nie moet gevange neem en in versekerde bewaring moet hou nie? Inteendeel, egte naasteliefde gebied jou dit; want net so sekerlik weet jy dat wanneer `n hiëna `n mens aanval, die dier met `n skerp wapen gedood moet word, net so sekerlik

word `n eerlike mens te hulp gekom as hy buite op straat of in sy huis deur `n roofmoordenaar aangeval word.

[3] Omdat sulke menslike hiënas egter, as hulle baie vermeerder, nie slegs vir eensame wandelaars nie, maar uiteindelik ook vir hele gemeenskappe gevaarlik kan word, is dit selfs `n **noodsaaklike plig van die maghebbende owerheid om jag te maak op sulke gevaarlike mense en hulle in kerkers op te sluit.**

[4] Maar die doodstraf mag slegs oor diegene uitgespreek word by wie gedurende **`n periode van tien jaar** elke middel om op enige wyse sy lewe te verbeter, sonder gevolge bly. As die misdadiger op die galg beterskap belowe, dan moet mens hom nog `n jaar bygee! As daar in daardie tyd egter geen beterskap plaasgevind het nie, dan moet die doodstraf voltrek word; want van beterskap by so `n mens op aarde is dan niks meer te verwagte nie en dit is beter om hom van hierdie aarde af te verwyder!

[5] As die regmatige maghebbende owerheid egter met die toestemming van die volk so `n welverdiende doodstraf wil verander in `n lewenslange gevangenis-straf, en verder wil gaan met haar pogings om die misdadiger te verbeter, dan staan dit hulle vry, en Ek sal hulle daarvoor nooit tot verantwoording roep nie.

[6] **Sulke vyande van die mense wat volgens My leer lewe, het na hulle dood geen mag om hulleself te wreek nie.** Dit kan slegs bewerk word deur die geeste wat behoort aan mense wat die goeie doen op hierdie wêreld, maar nie deur tirannieke, uitermate hoog-moedige, self- en heerssugtige en derhalwe ook totaal onregmatige heersers wat op die gruwelikste wyse gedood was nie!

[7] As onmenslike regters hulleself deur sulke onreg-verdige vonnisse vyande maak, sal die geeste van hierdie vyande hulleself op die onregverdige regters wreek, want hulle het van My toestemming om hulleself te wreek; maar die werklik deur en deur bose geeste mag dit nooit doen nie - nou glo Ek dat jy geen verdere twyfel sal hê nie!"

[8] **Die owerste** sê: "Ja, nou is Scylla en Charibdis wel van die baan; in hierdie opsig is dit vir my nou heeltemal duidelik.

[9] Hoe U waarlik gewyde leer egter op `n pad met so ontsaglik baie hindernisse die nag sal deurbreek waarin die mensdom nou begrawe lê, dit is vir my nog net so onduidelik soos voorheen! As die suiwering met wondere teweeggebring moes word, dan sou dit vir die mense nie baie nut hê nie, soos U Self sê, omdat op so `n manier die mense, wat vry moet word en wees, slegs maar masjiene sou word; daarenteen sal dit langs die natuurlike weg baie bloed kos en `n ontsettende lang tyd verg! Ja, ek sou byna met sekerheid durf sê, hoewel ek geen profetiese gawe het nie, op grond van my kennis van die mensdom uit die verre omtrek van Asië, Afrika en Europa, van nou af gereken binne twee duisend jaar nog lank nie die helfte van die aardse mense hulleself in die Lig van U leer sal bevind nie! - het ek gelyk of nie?"

[10] **Ek** sê: "In beginsel is jy nie verkeerd nie. Maar in die geheel gesien is dit nie so belangrik soos wat jy dink nie, want dit gaan hier nie soseer daaroor of My leer wel deur elkeen op aarde aanvaar word of nie, maar baie eerder dat daar deur My huidige koms op aarde en deur My Woord en My leer uiteindelik **geslaag sal word om die brug tussen hierdie materiële wêreld en die verre geestelike wêreld te bou**, waarvan die ewige velde aan die anderkant van die graf lê!

[11] Wie My leer tydens sy lewe op hierdie aarde geheel en al sal aanneem, sal reeds tydens hierdie lewe oor hierdie brug gaan; wie egter op aarde My leer lou en onvolledig of gladnie aanneem nie, díe sal in die ander wêreld `n diepe duisternis om hulleself heen vind, **waardeur dit baie moeilik vir hom sal wees om hierdie brug te vind!**

[12] Maar die mense wat nooit in staat was om nog hier op aarde iets oor My leer te hoor nie, **kry in die hiernamaals gidse wat hulle na hierdie brug sal neem**. As die geeste wat met My leer onbekend was, die gidse volg, sal hulle ook oor hierdie brug tot die ware Ewige Lewe kan kom; as hulle egter hardnekkig by hulle eie leer bly, dan sal hulle volgens die leer wat hulle in hulle lewe gevolg het, slegs as skepsels veroordeel word **en nooit die kindskap van Elohim bereik nie! -** Kyk, so steek dit inmekaar! Dink daaroor na en sê My wat jy daarvan dink, - maar vinnig; want My tyd op hierdie plek is byna verstreke!"

[13] Na `n tydjie antwoord **die owerste**: "Meester, alles is vir my nou helder en duidelik en sou ek met die verloop van tyd êrens aan iets twyfel, wel, dan het U immers vir ons hier `n man verlig wat ons oor alles kan onderrig! Daarvoor sal U Naam deur my en ons almal bo alles geloof en geprys word! -Veroorloof my slegs nog `n guns, en dit is dat as U nou van ons weggaan, U weldra weer tot ons sal terugkeer! Want hier sal dit my ergste bekommernis wees dat U by U terugkoms waardiger harte sal vind as wat dit hierdie keer die geval was!"